8 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11**
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-34

Die styl van die Here

In die vroeë kerk het die gelowiges gereeld saam geëet en gedrink. Hierdie geleenthede is "liefdesmaaltye" genoem. Gedurende of aan die einde daarvan is die "nagmaal van die Here" dan ook geniet. Met hierdie geleenthede het die rykes eet- en drinkgoed gebring wat dan onder almal gedeel is. In die Korinte-gemeente het dit egter ontaard: die rykes het gaan sit en alles self verorber. Wanneer die armes en slawe later daar aankom (waarskynlik weens 'n langer werksdag), was daar vir hulle niks oor nie. Dus het party honger gebly (die armes) en ander was dronk (die rykes). Só het die teken van onderlinge eenheid en liefde 'n demonstrasie van verdeeldheid en selfsug geword – 'n brassery.

Hierteenoor stel Paulus die styl van Jesus tydens sy instelling van die nagmaal. Let gerus in jou Bybel op twee aspekte van Jesus Christus se styl:

Die tyd – dit was die nag waarin Hy oorgelewer is en Homself vir sy gemeente geoffer het (vers 23);

Sy woorde – "… dit is vir julle" (vers 24 NAV).

Dit is die Here se styl: oorgawe en offervaardigheid tot die dood toe. Daarom: "as julle saamkom om die nagmaal te vier, *wag vir mekaar* (vers 33 NAV).

Dit spel nederigheid, opoffering, geduld met swakkes, voorbidding en simpatie met lydendes uit.

Ons aanvaar nie maklik hierdie woorde nie want ons is van nature voorbarig en selfsugtig en staan nie graag terug vir ander om eerste te skep nie.

Daarom moet ons onsself telkens weer verootmoedig voor ons nagmaal gebruik.

Sing: Skrifberyming 16:5 Ds J Botha (Laeveld)